

Hoofstuk van die dag: Psalm 20

> *Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood, mag die Naam van die God van Jakob u beskerm. (Ps 20:2)*

’n Mens kan die werkwoorde wat in verse 2-5 as wense uitgespreek is, ook as stellings vertaal. Dan word dit: Die

Here sal u gebed verhoor; die Naam van die God van Jakob sal u beskerm; Hy sal u te hulp kom en bystaan; Hy sal u graanoffers onthou; Hy sal u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.
Jy kan as kind van God hierdie stellings vir jouself toeëien. Jy mag en moet jou hulp en troos by die Here soek. Hy is groter as Satan of siekte of benoudheid of gevaar, soos Paulus ons in Rom 8:31-39 verseker. Weet dit, en kom tot rus.
Die keersy van hierdie versekerings is dat dit nie los staan van jou eie verantwoordelikheid nie. Na die mate wat jy op Hom fokus as Here van jou lewe, na dié mate sorg Hy vir jou.
Sê dit saam met die psalm (vers 8,9): “Ék, ek vertrou op die Naam van die Here my God. Daarom sal ek regop en vas bly staan.” En kom tot rus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026